# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper
## 16 Julie 2023


**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00
**Sel:** 072 137 4407
**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845
**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)
**Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

**Facebook:** Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za


## 16 Julie
## Erediens 9:00
**Prediker:** Ds Paullet Grobler
Teks: 1 Sam 2 : 18-26
**Teebeurt: Gemeente**
**Geen Kinderkerk, Kategese en Belydenisklas**

### Hierdie week:
**Woensdag, 19 Julie (9:30): Bybelstudie**
**18:30: Bybelskool**
**Saterdag, 22 Julie (9:00): Martmarias**
**Sondag, 23 Julie (11:00): "Potluck"- Gemeente-ete**

## Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| *16/07* | *Mnr* | *Dewald* | *Burger* |
| *16/07* | *Mev* | *Nancy* | *Williams* |
| *16/07* | *Mnr* | *Stephanus* | *Williams* |
| *17/07* | *Me* | *Natie* | *Du Plessis* |
| *18/07* | *Me* | *Annatjie* | *Kok* |
| *18/07* | *Me* | *Lettie* | *Vos* |
| *19/07* | *Mej* | *Linelle* | *Alberts* |
| *19/07* | *Mev* | *Marthie* | *Burger* |
| *19/07* | *Mej* | *Everlee* | *Viljoen* |
| *20/07* | *Mnr* | *Danie* | *Barnard* |
| *20/07* | *Mnr* | *Jan* | *Du Plessis* |
| *20/07* | *Mev* | *Rhona* | *Greeff* |
| *21/07* | *Mev* | *Christelle* | *Alberts* |
| *21/07* | *Mnr* | *Pieter* | *Bezuidenhout* |
| *21/07* | *Mej* | *Rochelle* | *Reitz* |
| *22/07* | *Me* | *Lizelle* | *Jacobs* |
| *22/07* | | *Yasmine* | *Kidson* |



## Lief en Leed

- Carol en Philip (Jnr) van der Westhuizen.
- Ronel Rademeyer wat herstel na 'n operasie.
- Cathy du Plessis.
- Pascal, Evelyn en Calla se kleindogter wat in die hospitaal is met die RS-Virus en longontsteking.
- Jerry Page (Cecile Botha se broer) wat bestraling kry.
- Diane Pienaar se moeder wat 'n operasie ondergaan het.

**Indien jy graag wil hê ons moet vir jou bid, of weet van iemand wat voorbidding benodig, kontak gerus die Kerkkantoor of ds Paullet. Laat weet ons ook indien jy goeie nuus het om met die gemeente te deel!**

# Bedieninge, Projekte en Uitreike

## Gholfdag
## 8 September 2023

Ons hou ons Gholfdag weer by **Pretoria Gholfklub** die jaar. Die vorms is in die voorportaal beskikbaar.

**Hoe kan ek deel wees?**

- Kom speel saam! Skryf 'n 4-bal in! (R2200 - Aandete en prysuitdeling ingesluit)
- Indien jy enige pryse, veilingsitems en donasies wil gee is jy ook welkom.
- Jy kan ook 'n gaatjie borg of adverteer op die Gholfdag (wissel tussen R900 en R2500)
- Borge ontvang 20% afslag indien hulle vir 'n 4bal ook inskryf.
- Prystrekking vir 'n "*vleis hamper*" : kaartjies vir 'n gelukkige prystrekking sal teen R100 elk verkoop word.

# *Gemeentekuier (23 Julie)*

Ons Gemeentekuier skuif van Vrydag, 21 Julie na Sondag na die erediens **(23 Julie om 11h00)**.

Ons hou **"POTLUCK"!** Elke gesin bring 'n gereg met 'n slaai of groente wat genoeg is vir julleself plus 2 asook eie drinkgoed. Die idee is dat almal 'n klein porsie van al die disse sal kan proe/eet.

*Nagereg word voorsien asook eetgerei*.

Jy is steeds welkom, al bring jy nie iets om te eet nie.

Kom geniet die oggend saam met ons!

## Uitnodiging




**Trauma-ondersteuningsgroep**

So paar maande gelede was daar Traumaberadingsessies in die konsistorie gehou, waar dr Johan Loubser met ons kom gesels het oor verskeie aspekte van trauma en rou.

Ons wil graag almal nooi wat wil deel word van 'n ondersteuningsgroep wat gereeld bymekaar gaan kom. Die eerste twee datums is 3 & 10 Augustus. Vandaar sal die groep op verdere datums besluit. Die gesprekke sal gelei word deur ds Loubser.

Indien jy nie alreeds jou naam opgegee het nie, en/of vir verdere inligting, kontak asb ds Paullet (076 841 1568).

*Jy word ook uitgenooi indien jy oor enige ander saak met ds Paullet wil gesels. Maak gerus by haar 'n afspraak rakende enige vorm van berading, ons sal ook kan help met verwysings indien nodig.*
***Ons kom kuier ook graag!*** *Vir huis/siekebesoeke kontak die Kerkkantoor.*

# Vars hoender by die kerk te koop

Heel hoenders asook hoenderstukke is Sondae na die diens en tydens kantoorure teen R55 ‘n kilogram beskikbaar.

Botter - R70 ‘n houer

# Hondekos (Farina)

Die kerk verkoop Farina hondekos vir R90 vir ‘n 8 kg sak en R250 vir ‘n 25 kg sak (Sondae na die diens en tydens kantoorure). Vir meer inligting kontak gerus die kerkkantoor.

# Dorkas se Kombuis

Dankie vir elke skenking en inbetaling aan/vir Dorkas se Kombuis. Dankie vir elkeen wie my laat weet van die specials wat hulle sien. Specials rek ons rande!

Ons het steeds mooi voorraad van vorige aankope gemaak, naamlik:

6x 2l olie, 34x 750ml olie, 45 houertjies (500ml) Koffie, rooibos teesakkies 7 boksies met elk 80 teesakkies, ongeveer 36 blikkies baked beans en pilchards, 44 pakkies soya en hiep-hiep hoera, GENOEG chakalaka with sweetcorn 😊

Kitkat wag egter vir my en ook Spar Menlyn Maine, waar rys en baked beans op ‘n mooi special is.

‘n Abolute pragtige gebeurtenis die afgelope week was die vroutjie laat een aand vir wie ek ‘n pakkie kon gee. Sy was besig om twee rolletjies te eet. Ons het ‘n paar woorde geruil en sy het aan my gesê : “Weet jy waaraan ek nou gedink het met my twee broodjies? Jesus met die vissies en die broodjies”. Sy het dit gesê sommer so nog voordat sy die pakkie oopgemaak het. Daar was pilchards in die pakkie – vissies.  Erens diep in my sien ek dit meer as toeval.

**ONS VRA ASB steeds vir 1 liters langlewe melk.** Ons het tans 25 boksies en kort asb nog 16 boksies om Dinsdag, 18 Julie uit te deel.

Mag vriendelikheid en omgee elke dag langs die voetpad van ons lewe ontvang en ook uitgedeel word.

*Blessings!*

**Bankbesonderhede: M Janeke, Capitec Bank, Spaarrekening, 1651207613**